SABT Nuus (September)

Bron: SABT
Datum: 2 September 2011

Algemene skou-inligting

Die SABT-skouseisoen skop af met die Wes-Kaapse skou op 10 September in Durbanville . Sedert publikasie van *SABT-nuus* in Augustus, het die streekskou-organiseerders 'n paar innoverende veranderinge gemaak. Verskeie streke het kragte saamgesnoer en hulle skoue gekombineer *(sien tabel hieronder)* met die doel om dit meer toeganklik vir meer mense te maak

Die streekskoue volg oor die algemeen dieselfde prosedures as vorige jare, maar die organiseerders kan die formaat aanpas, bv. daar mag dalk nie by alle skoue die nuwe Familie- en Hond van die Jaar -klasse wees nie.

Die belangrikste riglyne is nou op die webtuiste. Kontak gerus ook die organiseerders vir nadere besonderhede of bevestiging van enige aspek.

- Kategorieë en klasse vir die streekskoue.
- Streekskoureëls.
- Prosedures en gedragskode.
- Beoordelingskriteria

Enige geregistreerde Boerboel kan deelneem. Inentingsertifikate is ook 'n vereiste vir babahondjies (onthou die dokumentasie)!

Die aanbevole inskrywingsgeld vir die streekskoue is:

- 1-3 honde: R150 per hond per *eienaar.*
- 4 en meer honde: R130 per hond per *eienaar.*

Honde wat gekies word om aan die kampioenskapklasse deel te neem hoef nie inskrywingsgeld te betaal nie. Deelname aan die Familieklas kos R150 per span en die inskrywingsgeld vir Hond van die Jaar kos R150 per inskrywing.

Die SABT se borg, *Jock Dierevoeding,* is die hoofborg en sal ook kospryse vir die klas- en kampioenskapwenners skenk.

Soos in die verlede, word telers en Boerboelentoesiaste genooi om trofees en linte te borg. Kontak asseblief die organiseerders en benut hierdie geleentheid om jou stoet te bemark.

Besonderhede oor die reëlings vir die Nasionale Skou op 19 November in Centurion sal vroeg in Oktober verskaf word.

DATUM	STREEK	STAD/DORP	KONTAK	TEL	E-POS
10 Sept	Wes-Kaap	Durbanville	Thys von Solms	083 447 8844	thys@floorpro.co.za
17 Sept	Oos-Kaap	Port Elizabeth	Jakkie Erasmus	082 574 5653	jakkie@ecba.co.za
17 Sept	KwaZulu-Natal	Pietermaritzurg	Gerrie Botha Alan Pittam	072 564 1150 083 461 5057	maxipalboerboels@gmail.com pittama@durban.gov.za
24 Sept	Vrystaat Mpumalanga	Heilbron	Clint Gouws Marius Kotzé	078 523 5400 084 620 3008	clintstella@gmail.com boerboels@vodamail.co.za
1 Okt	Noordwes Gauteng Limpopo	Brits	Frans du Toit Johan van Wyk Piet Visser Marius Kotzé	083 938 1850 082 890 8887 083 336 5488 084 620 3008	fransdutoit@sabt.co.za graslandboerboel@mweb.co.za pietvisser@eject.co.za boerboels@vodamail.co.za
19 Nov	Nasionale Skou (oop skou)	Centurion, Pretoria	Johan van Wyk	082 890 8887	graslandboerboel@mweb.co.za
Sien die Skoubladsy op die SABT webtuiste vir inligting oor lokale en begintye					

Gebruik die SABT-webtuiste

Nielede en diegene wat nie die webtuiste gereeld besoek nie, is dalk nie bewus van die magdom dokumente agter die 'blou baniere' op die tuisblad nie. Standaarde bied heelwat inligting oor die Boerboel; by Downloads is daar Dekking- en Vaginale Hiperplasiesertifikate ; en die 11 Bylaes tot die Grondwet sit onder meer, registrasievereistes en keuringprosedures en -riglyne uiteen.

Bydraes tot die *Pro*-stertafsitveldtog erken

Koos van der Westhuizen (Raadslid: Noord-Kaap), wat die veldtog namens die SABT-raad bestuur, het *Boerboel eNuus* gevra om dank uit te spreek en erkenning te gee aan donasies wat met ter perse gaan ontvang is. Hy het 'n beroep op meer telers gedoen om hierdie projek te ondersteun, aangesien dit blyk dat die DBV Boerboeltelers wat hulle honde se sterte afsit, vir vervolging teiken.

Die aanbevole bydrae is R1 000, maar enige bydraer van R500, of meer, sal vir bystand in aanmerking kom. Besoek die webtuiste vir inligting oor die veldtog en donasievorms.

- SABT stig fonds om vervolgings oor die afsit van sterte te beveg.
- Donasievorm.

DATE	NAAM / NAME	STOET / STUD	ORG	R
11/07/11	Dana & Beverli Steenkamp	Klein Sandfontein Boerboels	SABT & EBBASA	R1 000
11/07/11	Marius Kotzé	Deo-Han Boerboele	SABT	R1 000
22/07/11	René Botha	Mighty Boerboele	SABT	R1 500
29/07/11	Koos van der Westhuizen	Middelpos Boerboele	SABT	R1 000
17/08/11	Elize van Zyl	Bethlehem	SABT	R1 000
25/08/11	Willem Adriaan Booysen	Kruisrivier Boerboele	SABT	R1 140

Uitnodiging tot insette vir Raadsvergadering

Die volgende Raadsvergadering is vir 15 Oktober geskeduleer. Die Voorsitter, Aldu le Grange, nooi lede om sake vir oorweging deur die Raad aan hom te stuur vir insluiting in die Sakelys.

Insette moet nie later nie as Vrydag Vrydag 9 September ontvang word. Probeer dit asseblief kort hou en sluit - indien moontlik - aksievoorstelle in. Bel Aldu by 083 462 0817 vir persoonlike gesprekke of stuur e-posboodskappe aan hom by aldulg@bks.co.za.

Besprekingspunte vir die vergadering sluit in:

- Mikroskyfies en DNS-toetsing.
- Geboortekennisgewings.
- Riglyne vir registrasie.
- Die Nasionale Skou.
- SABT-finansies.
- Organisatoriese aangeleenthede.
- Grondwetlike veranderinge.
- Stemreg.

Keuringsdagboek

Die datums en kontakpersone vir keurdae van 10 September tot 20 November is:

- 10 Sept: Centurion. Johan van Wyk: 082 890 8887.
- 17 Sept: Worcester. Thys von Solms: 083 447 8844.
- 17 Sept: Port Elizabeth. Jakkie Erasmus: 082 574 5653. *(met skou*).
- 17 Sept: Pietermaritzburg. Gerrie Botha: 072 564 1150 *(met skou)*
- 29 Okt: Carolina. Marius Kotzé: 084 620 3008.
- 29 Okt: Lichtenburg. Frans du Toit: 083 938 1850.
- 5 Nov: Pretoria-Oos. Johan van Wyk: 082 890 8887.
- 20 Nov: Parow: Thys von Solms: 083 447 8844.

Neem in ag dat keurdatums op kort kennisgewing mag verander en onthou om die program op die webtuiste na te gaan.

Streeknuus

Die Oos-Kaap handhaaf 'n hoë teenwoordigheid van die Boerboel in die gemeenskap. Hulle het op 27 Augustus in Uitenhage 'n oop Junior Skou by die Willow Damfees gehou. Dit is gereël deur die SAP en die Gemeenskapspolisiëringforum om fondse vir liefdadigheid in te samel. Die 38 deelnemende Boerboele was 'n groot aantrekking en die toeskouers het die interaksie met die honde terdeë geniet.

'n KUSA Mastiff/Werkhondbeoordelaar het vir die eerste keer alleen beoordeel. Sy benadering was besonder interessant - veral die mate waartoe hy op beweging gefokus het. Die Groot Kampioene was: Lötter Tebita (Sub-junior Kampioenteef en Reserwe Groot Kampioen); Middelpos Lion King (Sub-junior Kampioenreun en Reserwe Groot Kampioen); Egoli Cara (Junior Kampioenteef en Groot Kampioen); Sumsaré Dia (Junior Kampioenreun en Groot Kampioen).